



Koninkrykstyd – Die vermetelheid van die liefde!

Filemon 1-25

Richard van Wyk

Ons lees vandag uit die kortste boek in die hele Bybel (25 verse en net 335 woorde in die Griekse teks). Ons het 'n spreekwoord wat sê "Klein botteltjies, groot gif". Dit kan ons net so op die brief van Paulus aan Filemon toepas. NT teoloë sê as ons net die een enkele brief van die hele NT sou besit het ons genoeg sou gehad het om te weet hoe ons Jesus moet volg want in die 25 verse word die hele Christelike geloof bitter prakties opgesom.

Wat gebeur?

Paulus sit heel waarskynlik in die hawestad Efese (62/63 n.C.) onder huisarres wat beteken het dat mense by hom kon gaan kuier het maar hy mag nie die huis verlaat het nie. Die brief word geskryf aan Filemon. Hy was 'n baie ryk christen wat gewoon het in Kolosse en wat tot bekering gekom het onder die prediking van Paulus. Sy vrou se naam was Affia en hy het 'n seun gehad met die naam van Argippus. Hulle het baie slawe gehad, waarvan een se naam Onesimus was. Ons lei uit die brief af dat die slaaf vir Filemon bestel het en dat

Onesimus dalk nadat hy uitgevang is besluit het om liewers te vlug. Kolosse was nie 'n baie groot dorp nie en vir 'n vlugteling 'n te klein plek om weg te kruip. 'n Beter plek sou die hoofstad Rome wees, of die hawestad Efese. Deur die genade van God gebeur dit so dat die slaaf in kontak kom met Paulus. Dieselfde ou wat sy baas tot bekering gelei het, en met sy kontak met Paulus kom die slaaf ook tot bekering.

Hoe die waarheid dat hy van Filemon gesteel het uitgekom het weet ons nie, maar dalk het hy in 'n emosionele oomblik sy sonde teenoor Paulus bely. Paulus skryf dan die brief aan Filemon waarin hy vra dat Filemon asseblief vir Onesimus moet vergewe en terugneem (v16) nie net as slaaf nie, maar as 'n geliefde broer.

In die brief sien ons hoedat God spesialiseer in vergifnis omdat hy liefdevolle verhoudings geweldig hoog ag.

Hier word 'n klomp mense in die brief genoem maar drie speel die hoofrolle.

1. Paulus

'n Gevangene word deur God vergewe en as 'n gevangene word hy 'n geestelike vader vir iemand. Ons hoor sy liefdevolle taal en die warmte en liefde wat hy gehad het teenoor elke bekeerling. Vergifnis maak van die Fariseër wat die christene met 'n passie gehaat het, en wat alles in sy vermoë gedoen het om hulle dood te maak, hulle geestelike vader.

2. Onesimus

Die naam beteken "bruikbaar" ("useful"). Hy was 'n wegloop slaaf en alles behalwe bruikbaar. Toe Onesimus Jesus as sy Saligmaker aanvaar verander hy van onbruikbaar na bruikbaar (v11).

Die ergste wat gebeur is dat Paulus Onesimus terug stuur na Filemon. Volgens wet sou Filemon hom die grootste denkbare straf kon toedien (selfs kruisiging). Dan vra Paulus (v15, 16) om die slaaf as geliefde broer in Christus terug te neem.

Dit was ongelooflik radikaal vir daardie tyd omdat slawerny so diep deel was van die destydse samelewing.

3. Filemon

Sy naam beteken "om lief te hê" of "om te soen". Ek dink die ou wat die meeste in die proses gaan sukkel is

Filemon. Hy was die baas en die slaaf het hom skade berokken. Hoe gaan hy die situasie hanteer? Hoe gaan die verhouding tussen hom en Onesimus nou lyk? Paulus pleit by hom om te belê in die vermetelheid van die liefde (v. 9, 16).

Jesus Christus

Paulus word die argetipe van Jesus. Wat Paulus vir Onesimus by Filemon doen het Jesus vir ons by God gaan doen.

- Plaas sy skuld op my rekening (v18). Jesus het al ons skuld op sy rekening geneem.
- Ek sal betaal (v19). Jesus het met sy kosbare bloed vir ons betaal.



Ons almal leef dus met genade skuld. Omdat God ons genadig was moet ons daardie genade ook gaan leef.

Nadenke:

1. Watter emosies het by jou losgekam toe jy die brief die eerste keer gelees het?
2. Gesels oor die terme: "om te vergewe" en "om vergifnis te ontvang".
3. As jy die vrymoedigheid het deel met die groep watter een van die 3 karakters jy op die stadium is: Moet jy iemand vergewe, of moet jy iemand se vergifnis gaan vra, of is jy die een wat mense aanmoedig om God se vergifnis te leef?